

Sing vooraf staande: Psalm 3:2 (p. 11)

- 2 Van God se trou bewus, / was slaap my veil'ge rus / tot ek versterk ontwaak het.
Ek sal hul nou nie vrees, / hoe sterk hul ook mag wees / wat my rondom genaak het.
Staan op, verlos my, HEER! / Verbreek hul tande weer!
U tem die oorlogsvolke! / Aan U die heil alleen!
Stort op u erf 'n seen / soos druppels uit die wolke.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 71:10,14 (p. 355)

- 10 Nou kom ek aan met forse skrede, / my lof is sonder maat, / vir u verlossingsdaad.
Ek meld van jeugtyd en verlede – / hoe U my, onervare, / gelei het al my jare.
- 14 Ek sing 'n lofsang by my snare, / 'n lied van troos en trou / waarin 'k u lof ontvou,
o Heilige by Isr'els skare! / Ek roep, tot vreug herbore: / "Verlos, en nie verlore!"

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm 25:8 (p. 117)

Wet

Psalm 25:8 (p. 117)

- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

Gebed

Psalm 51:5 (p. 261)

- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Skriflesing: Psalm 51 en Psalm 32

Teks: Psalm 51:9

Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Psalms 51:9 AFR53)

Hierdie woorde beteken dat koning Dawid die nag tempel is toe waar die priester die doop van berou en bekering aan hom bedien het.

Kom ons ondersoek die Bybel saam en volg die spoor van die doop soos die Here dit deur die eeue geopenbaar het:

- 1. Die doop as die simbool van reiniging**
- 2. Die doop as die simbool van God se reinigmaking deur die bloed van die Here Jesus Christus**

1. Die doop as die simbool van reiniging

Die doop tot bekering was aan die begin taamlik ingewikkeld. Ons kry 'n voorskrif daarvan in Numeri 14. Daar gaan dit oor 'n melaatsse wat gedoop moet word wanneer hy gesond geword het – solank ons dan net onthou dat melaatsheid juis die simbool was van sonde en onreinheid.

Levitikus 14:3-7: en die priester moet buitekant die laer gaan. As die priester sien dat die plaag van melaatsheid genees is, van die melaatsse weg is, moet die priester bevel gee dat hulle vir hom wat gereinig moet word, twee lewendige rein voëls en sederhout en skarlakendraad en hisop moet bring. Die priester moet ook bevel gee dat hulle die een voël in 'n erdepot oor vars water slag. Die lewendige voël moet hy neem, sowel as die sederhout en die skarlakendraad en die hisop, en dié en die lewendige voël insteek in die bloed van die voël wat oor die vars water geslag is. En hy moet op hom wat van die melaatsheid gereinig moet word, sewe maal sprinkel en hom reinig, en die lewendige voël moet hy oor die oop veld laat wegvlieg. (Levitikus 14:3-7 AFR53)

Hierdie doop/besprinkelingsproses is ryk aan simboliese betekenis:

- Die bloed het gesinspeel op die bloed van die Here Jesus Christus.
- Die besprinkeling met die hisopbossie (*origanum maru*) op die afwassing van die sondes deur die bloed van die Here Jesus.
- Die voël wat ook in die bloed gedoop is en wat dan wegvlieg, simboliseer dat die Here werklik en seker ons sondes van ons af wegneem.

Dieselfde saak word in Psalm 103 bevestig:

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. (Psalm 103:12 AFR53)

Dieselfde beginsel word geopenbaar in die sondebok wat met die sondes van die volk in die woestyn ingestuur word na die duiwel toe, waar die sondes vandaan kom.

Levitikus 16:10: maar die bok waar die lot vir Asásel op gekom het, moet lewendig voor die aangesig van die HERE gestel word, om oor hom versoening te bewerk deur hom vir Asásel in die woestyn te stuur. (Levitikus 16:10 AFR53)

Die doopproses – met die betekenis dat dit reiniging simboliseer – was in die Here se tyd 'n baie bekende handeling. Blykbaar het die ritueel mettertyd verander sodat later net water gebruik is om mee te doop. Ons lees al daarvan in Numeri 19:20:

Maar as iemand onrein word en hom nie onsondig nie, dan moet dié siel uitgeroei word uit die vergadering, want hy het die heiligdom van die HERE verontreinig: reinigingswater is op hom nie uitgegooi nie, hy is onrein. (Numeri 19:20 AFR53)

Daarom bevraagteken niemand die doop van Johannes die Doper wat net met water geskied nie.

- Johannes die Doper het juis bekeringspreke gepreek: “Bekeer julle!”
- Op sy prediking het die wat berou gehad het oor hulle sondes hulle laat doop.
- Die bekeringsdoop was dan die simbool dat die vergewing van sondes oor hulle verseël word deur die Here.

Die Here Jesus is ook deur Johannes gedoop – nie omdat Hy sondes gehad het waaroor Hy berou moes betoon nie – maar omdat sy doop 'n vervulling was van alle geregtigheid.

Matteus 3:15-17: **Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat. En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.** (Matteus 3:15-17 AFR53)

Die beginsel wat in die Bybel geopenbaar word, is enersyds dat die Here heiligheid en reinheid van sy uitverkorenes eis en andersyds dat daar by elke ware gelowige 'n smagting is na vergewing van sondes en 'n behoefte aan heiligmaking.

Terug by Dawid:

- Hierdie psalm openbaar die diepgevoelde behoefte by hierdie man dat hy by die Here die versekering soek dat hy vergewing sal kry vir sy sonde.
- Ons weet dat hy Psalm 32 geskryf het nadat hy die bekeringsdoop ondergaan het.
- In Psalm 32 jubel en juig hy omdat die Here sy sondes vergewe het!

Aan die begin van Psalm 51 verklaar Dawid sy diepste sondenood.

- Sy boetegebed is so diep en roerend dat die Heilige Gees dit laat neerskryf sodat die kerk deur die eeue hierdie gebed in hulle sondes kan saambid.
- Verder ook sodat die kerk saam met hom kan deel in die onmeetbaarheid van God se vergewende genade.

In vers 3 smee hy: **Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid.**

In hierdie woorde hoor elke mens wat die lewe werklik ken die diep ding wat Dawid op daardie oomblik deurmaak – en wat elkeen van ons ook belewe wanneer ons sondes doen:

- Ons sondes skei ons van die Here af!
- Ons voel alleen, onwaardig, deur die Here verwerp.
- Natuurlik is dit net ons eie belewenis van ons sondes, want dis wat sondes met ons maak – en wat die duiwel sekerlik baie graag wil bereik!
- Hy wil hê ons moet so voel en hy sal daardie gevoel probeer gebruik om ons van die Here te vervreem.

Maar van God se kant af staan die saak anders.

- Daarom openbaar die Heilige Gees dat God genadig en goedertieren is.
- Dit beteken dat die Here vriendelik, liefdevol en vergewensgesind in sy optrede teenoor ons is wanneer ons berou het oor wat ons gedoen het.

Dit kom in hierdie psalm sterk uit in die woorde:

... delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

(Psalms 51:3, 4 AFR53)

Die woorde **Was my** is baie ernstiger as wat ons dit in Afrikaans verstaan!

- Om gewas te word – wat bitter min gebeur het! – en om dan ook jou klere te was, het hulle loog gebruik.
- Luister wat dink Maleagi van die wasproses. Hy vergelyk dit met die oordeel van die Here!:

Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. (Maleagi 3:2 AFR53)

Die wasproses wat deur die doop gebeur, is dus 'n geweldige, diepsnydende proses wat pynlik is, want dit brand die sonde en sy gevolge letterlik uit jou uit sodat die gedoopte volmaak skoon voor God kan verskyn!

2. Die doop as die simbool van God se reinigmaking deur die bloed van die Here Jesus Christus

In die doop wat die Here aan ons bedien in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, versmelt hierdie verpligting tot bekering met die genadeverbond wat in die besnydenis vasgelê is. Dit is waarom die Here in Kolossense 2:10-15 leer dat die besnydenis oorgaan in die doop.

Maar luister mooi na wat die Here daar sê:

en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. (Kolossense 2:10-15 AFR53)

Hier is ten minste vyf sake wat geweldig belangrik is om die doop te verstaan:

- Die bekeringsdoop se eis – dat ons die sonde moet aflê – word duidelik gehoor in die woorde: **die liggaam van die sondige vlees af te lê ...**
- Maar dan gaan die Here verder en Hy maak dit vas aan sy genadeverbond met sy kerk: **in die besnydenis van Christus ...**
- Daarna word die simboliek van dit wat gebeur tydens die doopplegtigheid self beskryf: **omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop**
- Die gevolg van hierdie bevestiging van vryspraak en heiligmaking tydens die doop word dan deurgetrek tot in die hiernamaals: **het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het.**
- Die Here openbaar hier ook weer waar die Here Jesus die gesag en mag vandaan kry om dit alles met ons te kan doen: **nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.**

'n Mens wat sy doop verstaan, is 'n mens wat met diep vrede kan lewe – die vrede dat die Here sy sondes vergewe het.

- Hy hoef hom nie meer te kwel oor die dinge wat agter lê nie.
- Die Here lewe nie in trurat nie.
- Die Here lewe vorentoe – Hy gaan met ons in sy genade aan na die ewigheid toe waar Hy alles in almal van ons sal wees.

En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees. (1 Korintiërs 15:28 AFR53)

Altyddeur was daar die versugting en die smeking by mense dat hulle sondes vergewe moet word.

- Natuurlik is dit omdat die Heilige Gees mens laat verstaan dat ons sondes tussen ons en die Here staan.
- Luister maar na enkele aanhalings wat die Here vir ons laat neerskryf:

Selfs Farao het gebid vir genade – al wou hy nie tot bekering kom nie.

Vergeef dan tog nou net dié keer my sonde, en bid tot die HERE julle God, dat Hy net hierdie dood van my af wegneem. (Eksodus 10:17 AFR53)

Moses bid vir die volk (die kerk) vir vergifnis.

Vergeef tog die ongeregtigheid van hierdie volk na die grootheid van u goedertierenheid, en soos U hierdie volk van Egipte af tot hiertoe vergewe het. (Numeri 14:19 AFR53)

Die eiesinnige Saul het ook gesmeek vir vergifnis van sy sondes, en toe gehoor dat die Here dit nie gaan vergewe nie!

Vergeef dan nou tog my sonde en kom met my saam terug, dat ek die HERE kan aanbid. (1 Samuel 15:25 AFR53)

Dawid het menige keer gebid vir die vergewing van sy sondes. Een so 'n voorbeeld is 1 Kronieke 21:8:

Toe sê Dawid tot God: Ek het swaar gesondig, dat ek hierdie ding gedoen het; maar vergeef tog nou die skuld van u kneg, want ek het my baie besondig. (1 Kronieke 21:8 AFR53)

Met ons is dit anders, want ons het die vervulling van die vergifnis van ons sondes. Die Here Jesus leer ons om te bid daarvoor – met die bevestiging dat ons ook vergifnis gee aan die mense wat teen ons oortree!

en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. (Lukas 11:4 AFR53)

Aan die kruis het die Here vir die almal gebid wat Hom gekruisig het – mense wat ons eintlik maar verteenwoordig het! Want ons sondes is die oorsaak van die Here Jesus se kruisiging.

En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. (Lukas 23:34 AFR53)

Die doop is 'n volledige preek van die Here Jesus se genade. Ons kan dit alles so saamvat:

- *Die Here Jesus Christus het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het.*
- *Daar staan geskrywe dat 'die straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom;*

- dat Hy soos 'n lam na die slagplek gelei en by die misdadigers gereken is' (Jesaja 53:5, 7, 9);
 - dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar.
 - Hy het na liggaam en siel as regverdige vir die onregverdiges gely (1 Petrus 3:18);
 - Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Lukas 22:44); en
 - Hy het uitgeroep: **'My God, my God, waarom het U my verlaat?'** (Matteus 27:46).
- Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde (1 Korintiërs 2:2). (NGB art. 21)

Met elke doop bevestig die Here al hierdie dinge as feite.

- Hy bevestig ook aan ons dat daardie kruisdood ons vrymaak/skoon was van al ons sondes – soos wat water ons liggame skoon was.
- Hy stuur ons van die doopvont af weg met die rus en vrede dat ons sy eiendom is tot in alle ewigheid.
- Hy is ons God en ons sy verlose kinders – tot in ewigheid.

Ons is ingelyf in God se verbond met al sy beloftes. Wat maak ons daarmee?

- Laat ons ons dan beywer om ons roeping en verkiesing vas te maak!
- Dis kosbaar om die Woord van God se genade en liefde so aan ons verkondig te mag hoor.

Laat die doop my altyd herinner, Here, dat U my in Jesus Christus ontsondig, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. (teksvers verwerk)

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 130:2, 3 (p. 635)

2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: Clanwilliam: 8 Julie 2012
Bellville: 15 Julie 2012-06-20 Doop Reinard en Eleonor se seuntjie Isak